higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LANDBOUBESIGHEID
NKR-VLAK 2

(1011032)

22 November 2024 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en 1 antwoordblad.

408Q1N2422

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
LANDBOUBESIGHEID
NKR VLAK 2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae noukeurig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommerstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Stukke papier wat geld aanteken wat in ‘n besigheid spandeer en betaal is:

A Brondokumente
B Balansstaat
C Kleinkas
D Produksierekord

1.1.2 Geld wat gebruik word om vir klein dinge in 'n besigheid te betaal:

A Inkomstestaat
B Kleinkas
C Bates
D Bruto inkomste

1.1.3 Die boonste laag van 'n grondhorison wat bestaan uit vars en verrottende plantreste/organiese materiale:

A O-horison
B B-horison
C C-horison
D Rotslaag

1.1.4 Integrasie van plante en vee op dieselfde plaas:

A Gemengde boerdery
B Weidingsboerdery
C Veeboerdery
D Permakultuur

1.1.5 Mense wat die gesag het om 'n tjek te onderteken vir geld wat uit die bank onttrek moet word:

A Debiteure
B Krediteure
C Eienaar se ekwiteit
D Ondertekenaars

Kopiereg voorbehou

1.1.6 Kaart met die voorraadkode, hoeveelhede ontvangde en uitgereikte items en gebalanseerde voorraad:

A Bêreboks (‘Storage box’)
B Uitgiftenotas (‘Issue notes’)
C Voorraadkaart (‘Stock bin card’)
D Voorraadgrootboekkaart (‘Stock ledger card’)

1.1.7 Bevat alle insette wat benodig word vir 'n boerderyonderneming en hoeveel geproduseer word:

A Produksierekords
B Varsprodukterekords
C Gesondheidsrekords
D Sterfterekords

1.1.8 Plaasuitgawes verbonde aan die produksie van braaikuikens, blaarbeet en tamaties:

A Voorraadkoste
B Omgewingskoste
C Kleinkas
D Insetkoste

1.1.9 'n Veiligheidsteken wat aandui dat 'n aksie of aktiwiteit nie toegelaat word nie:

A Verpligtingsteken
B Waarskuwingsteken
C Stop- en verbodsteken
D Gevaarteken

1.1.10 Geskatte markwaarde van 'n bate aan die einde van sy nuttige leeftyd:

A Leeftyd
B Reddingswaarde
C Boekwaarde
D Waardevermindering

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in dieANTWOORDBOEK te skryf.

1.2.1 Die tjek se teenblaadjie is die stuk papier wat in 'n tjekboek gelaat word nadat 'n tjek uitgeskeur is.

1.2.2 'n Onttrekking verwys na geld wat in 'n bankrekening geplaas word.

1.2.3 'n Inventaris staan ook bekend as 'n bateregister.

1.2.4 Joernale word daagliks aangeteken.

1.2.5 'n Finansiële staat wat die winsgewendheid van 'n sakeonderneming toon, word 'n inkomstestaat genoem.

1.2.6 Waardevermindering is die daling in waarde van 'n bate.

1.2.7 Bedryfsbates kan binne 'n kort tydperk na kontant omgeskakel word.

1.2.8 Piktogramme is veiligheidstekens in 'n werkplek.

1.2.9 Liassering is 'n sistematiese manier om finansiële dokumente te stoor.

1.2.10 'n Verband is 'n voorbeeld van ‘n bedryfslas.

(10 × 1) (10)

1.3 Kies 'n term uit KOLOM B wat ooreenstem met 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Tydsduur wat 'n bate gebruik sal word om geld te genereer	A	voorafbetaalde uitgawes
1.3.2	Bron van potensiële skade of 'n situasie met die potensiaal vir skade	B	kontantmetode
1.3.3	Skatting van inkomste en uitgawes vir 'n vasgestelde tydperk	C	eienaar se ekwiteit
1.3.4	Geboue, grond en damme is voorbeelde van ... kapitaal items.	D	uitgawes
1.3.5	Veiligheidsriglyne vir werkers en werkgewers op 'n plaas	E	gevaar
1.3.6	Produksie-insette, items en dienste wat gedurende die rekeningkundige tydperk betaal is, maar nog nie ontvang is nie	F	nuttige lewe
1.3.7	Rekord van inkomste slegs wanneer kontant van kliënte ontvang word	G	aanvraag
1.3.8	Bedrag geld wat die eienaar in die boerdery belê het	H	kontantvloei-begroting
1.3.9	Alle geld wat uit 'n besigheid vloei	I	Inkomstestaat
1.3.10	Hoeveelheid goedere wat produsente bereid is om teen 'n sekere prys te verkoop	J	vaste bate
		K	aanbod
		L	markewewig
		M	Wet op Beroeps-gesondheid en -veiligheid

(10 × 1) (10)

[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Voltooi die kontantvloeistaat van Boxer Farming Enterprise van Julie tot Oktober 2022 deur slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.12) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

KONTANTVLOEISTAAT				
Banksaldo (begin van die maand)	0	**2.1.3**	**2.1.6**	**2.1.9**
KONTANT ONTVANG				
Mielies	5000	0	**2.1.7**	6000
Groente	5000	8000	5000	**2.1.10**
Vee	8000	3000	2000	7000
Lemoene	**2.1.1**	5000	4000	4500
Ander inkomste	3000	0	3000	400
Totale kontant beskikbaar	**28000**	**2.1.4**	**32000**	**29000**
KONTANTBETALINGS				
Brandstof	**2.1.2**	850	1000	1800
Kunsmis	6500	3500	6900	7300
Vervoer	2000	1700	**2.1.8**	1200
Inkomstebelasting	2500	1350	1400	1300
Saailinge	1500	0	1500	1050
Veeartsrekening	2800	**2.1.5**	2500	0
Totale kontantbetalings	**18000**	**9050**	**23000**	**2.1.11**
Banksaldo (einde van die maand)	**2.1.3**	**2.1.6**	**2.1.9**	**2.1.12**

(12 × 1) (12)

2.2 Gee VYF redes om die finansiële rekords van 'n sakeonderneming te hou. (5)

2.3 2.3.1 Noem TWEE basiese rekeningkundige metodes wat in 'n sakeonderneming gebruik word. (2)

2.3.2 Onderskei kortliks tussen die twee rekeningkundige metodes wat in VRAAG 2.3.1 genoem word. (2 + 2) (4)

2.4 In vandag se wêreldmark is die prys wat kliënte bereid is om vir 'n produk of diens te betaal, gebaseer op hul waargenome waarde. Om waarde toe te voeg tot 'n maatskappy se produkte en dienste is nuttig vir beide die werkgewer en kliënte. Brian Farming Enterprise produseer braaikuikens en verkoop dit aan die plaaslike markte.

2.4.1 Gee DRIE maniere waarop Brian Farming Enterprise waarde tot braaikuikens kan toevoeg. (3)

2.4.2 Definieer die term *bruto marge* (‘gross margin’). (2)

2.5 Verduidelik die term *halfgeskoolde arbeidsmag* (‘semi-skilled labour force’). (2)
[30]

VRAAG 3

3.1 3.1.1 Verduidelik kortliks DRIE prosedures om die kleinkas te beveilig. (3 × 2) (6)

3.1.2 Noem die DRIE hoofkolomme van 'n kleinkasjoernaal. (3)

3.2 Noem EEN tipe besigheidsbankrekening waaruit betalings gemaak kan word. (1)

3.3 Die volgende toon die produksiekoste van die komkommers op Struss Farming Enterprise:

Huur	R300,00
Saad en saailinge	R4 500,00
Kunsmis	R540,00
Rente betaal	R780,00
Salarisse	R7 500,00
Lone	R5 000,00
Versekering	R320,00
Waardevermindering	R4 500,00

Gebruik die ANTWOORDBLAD (aangeheg) om die volgende vrae te beantwoord:

3.3.1 Kategoriseer elke koste as vaste of veranderlike koste. (8)

3.3.2 Bereken die totale vaste en totale veranderlike koste. (2)

3.3.3 Bereken die totale produksiekoste vir die seisoen. (1)

Kopiereg voorbehou

3.4 Struss Farming Enterprise trek 1% van die plaaswerkers se lone af om aan die regering se WVF ('UIF') te betaal. Struss Farming Enterprise dra ook 1% tot die fonds by. Struss Farming Enterprise het altesaam 25 werknemers op sy betaalstaat en elke werknemer word R2 400,00 per maand betaal.

3.4.1 Wat is die totale bedrag wat Struss Farming Enterprise sy werknemers per jaar betaal? (2)

3.4.2 Bereken die totale bedrag geld wat Struss Farming Enterprise per jaar van werknemers se lone sal aftrek om in die WVF in te betaal. (2)

3.4.3 Bereken die totale bedrag geld wat Struss Farming Enterprise per jaar tot die WVF sal bydra. (2)

3.4.4 Bereken die totale bedrag geld wat per jaar aan die WVF-fonds vir die plaas betaal sal word. (2)

3.4.5 Waarvoor staan *WVF*? (1)

[30]

VRAAG 4

4.1 Tumelo is 'n groenteprodusent in die noorde van KwaZulu-Natal. Hy het 'n ooreenkoms met die plaaslike Shoprite onderteken.


4.1.1 Watter verspreidingskanaal gebruik Tumelo? (1)

4.1.2 Gee DRIE voordele van die gebruik van die tipe verspreidingskanaal wat in VRAAG 4.1.1 genoem word. (3)

4.2 4.2.1 Gee VIER redes waarom 'n opkomende boer 'n gemengde boerderystelsel moet oorweeg. (4)

4.2.2 Onderskei tussen 'n b*estaansboer* en 'n *kommersiële boer*. (2 + 2) (4)

4.3 Die volgende grafiek beeld vraag- en aanbodkurwes sowel as die markewewig uit.



4.3.1 Teen watter prys is aanbod gelyk aan vraag? (1)

4.3.2 Wat is die hoeveelheid wat gevra word wanneer die prys op sy hoogste is? (1)

4.3.3 Wat is die hoeveelheid wat verskaf word wanneer die prys op sy hoogste is? (1)

4.3.4 Definieer die term *vraag*. (2)

4.3.5 Verduidelik kortliks die *wet van aanbod*. (2)

4.4 Watter VYF faktore beïnvloed die vraag na landbouprodukte? (5)

4.5 Definieer die term *oortollige vraag*. (2)

4.6 Verduidelik elk van die volgende tipes boerderystelsels:

4.6.1 Gemengde boerderystelsel

4.6.2 Weidingstelsel

(2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 5

5.1 Noem DRIE basiese dienste wat 'n boer nodig het om 'n besigheid gemaklik te bestuur. (3)

5.2 Gee VIER redes om nuwe in plaas van gebruikte toerusting te koop. (4)

5.3 Verduidelik kortliks die VIER produksiebestuursbesluite wat 'n boer kan neem om landbouprodukte te produseer. (4 × 2) (8)

5.4 Mikotoksien is 'n gif wat deur swamme veroorsaak word. Dit kan voorkom in voedselgewasse in die veld en bergingsfasiliteite.

5.4.1 Watter DRIE eksterne faktore dra by tot mikotoksienbesmetting? (3)

5.4.2 Verduidelik kortliks VIER goeie boerderypraktyke om die mikotoksienbesmetting van veldgewasse te voorkom. (4 × 2) (8)

5.5 Onderskei tussen *eenjarige gewasse* en *meerjarige gewasse*. (2 + 2) (4)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

ANTWOORDBLAD

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | |

SENTRUMNOMMER: | | | | | | | | | | |

VRAAG 3

3.3.1

Vaste koste	Waarde (R)	Veranderlike koste	Waarde (R)

(8)

Kopiereg voorbehou